LAERSKOOL BREDASDORP

Die eerste skoolgeboutjie waar formele onderrig plaasgevind het, is reeds in 1859 in Bredasdorp in gebruik geneem. In 1914 is die skoolgebou, waar Laerskool Bredasdorp vandag geleë is, ingewy. Dit het egter toe bekend gestaan as Hoërskool Bredasdorp. In 1942 het Hoër- en Laerskool Bredasdorp geskei van mekaar, maar die hoërskool leerders is steeds in dieselfde gebou geakkommodeer totdat die Hoërskool sy eie gebou in die jare 50 gekry het. Laerskool Bredasdorp se leerdertal het sterk groei getoon oor die jare tot die ongeveer seshonderd en sewe leerders vandag. Hoewel die oorgrote meerderheid leerders Afrikaanssprekend is, is dit 'n parallelmediumskool. Die personeel bestaan uit 'n sterk groep baie bekwame opvoeders. Hierdie skool het 'n trotse tradisie en het al verskeie uitblinkers gelewer.

Laerskool Bredasdorp stel dit ten doel om deur middel van effektiewe en doeltreffende onderrig en die handhawing van balans tussen geestelike, akademiese, kulturele en sportaktiwiteite in die kurrikulum na die volgende te streef:

Visie: Laerskool Bredasdorp ontwikkel potensiaal.

Missie:

- Ons fondament is gesetel in Christelike waardes
- Ons ontwikkel uitstekende geletterdheid en syfervaardigheid.
- Ons bevorder nuuskierigheid vir die wetenskap van die wêreld.
- Tegnologie word kreatief gebruik in onderrig en leer.
- Passievolle onderwysers ontwikkel leerders holisties.
- Ons streef na 'n betrokke ouergemeenskap wat leef, speel en droom tot voordeel van elke kind.

INHOUDSOPGAWE

BESKRYWING

1. BELANGRIKE INLIGTING
1.1 Posadres
1.2 Straatadres
1.3 Telefoon
1.4 Faksimilee
1.5 E-pos
1.6 Afsprake met die skoolhoof
1.7 Skooltye
1.8 Skoolgelde

2. AKADEMIESE INLIGTING
2.1 Leerplanne
2.2 Deelname aan skoolprogram
2.3 Stelsel van skolastiese rekenskap
2.4 Vorderingvereistes
2.5 Ander belangrike gegewens

3. KOSHUIS
3.1 Inwoning
3.2 Koshuistoelating
3.3 Losies
3.4 Naskool
3.5 Webtuiste
3.6 E-pos

4. ALGEMEEN
4.1 Omsendbriewe
4.2 Busdiens vanaf Struisbaai en L'Agulhas
4.3 Snoepie
4.4 Swembad

5. SKOOLLIED

6. SKOOLREËLS

7. GEDRAGSKODE VIR LEERDER VAN LAERSKOOL BREDASDORP

8. SPORT

9. SPORTBELEID

10. 'n FINALE WOORD

1. BELANGRIKE INLIGTING

1.1 POSADRES:

Posbus 160
BREDASDORP
7280

1.2 STRAATADRES:

Buitekantstraat
BREDASDORP
7280

1.3 TELEFOON:

(028) 424 1334

1.4 FAKSIMILEE:

(028) 425 1112

1.5 E-POS

admin@lbps.co.za
Gebruik asb. slegs bogenoemde adres vir amptelike kommunikasie en nie die skool se Facebook-bladsy of Nuusbrief-adres nie.

1.6 AFSPRAKE:

Afsprake met die skoolhoof, adjunkhoofhoof of enige ander personeellid kan gereël word met die sekretaresse, minstens 'n dag voor die tyd, om administratiewe reëlings te vergemaklik.

1.7 SKOOLTYE:

Graad RR:	08:00 - 12:00
Graad R:	07:25 – 12:45
Graad 1:	07:25 – 13:15
Graad 2:	07:25 – 13:15
Graad 3:	07:25 – 13:15 (Dinsdae, Donderdae, Vrydae)
	07:25 – 14:15 (Maandae en Woensdae)
Graad 4-7:	07:25 – 14:15; Vrydae tot 13:45

1.8 SKOOLGELD:

Skoolgelde word jaarliks deur die Beheerliggaam vasgestel en tydens 'n ouervergadering deur die meerderheid ouers teenwoordig, goedgekeur. Die huidige skoolgelde is op navraag beskikbaar by die Finansiële kantoor van die skool. LW: Daar is geen finansiële vrystelling beskikbaar vir Gr. RR en Gr. R nie.

2. AKADEMIESE INLIGTING

2.1 LEERPLANNE

Leerplanne, soos deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) voorgeskryf, word gevolg.

2.1.1 Grondslagfase (Graad 1 tot Graad 3 - KABV Kurrikulum)

Wiskunde
Huistaal
Eerste Addisionele Taal
Blootstelling aan Xhosa, d.m.v. liedjies en rympies.
Lewensvaardighede
Rekenaargeletterdheid

Neem kennis dat Gr. R 'n gestruktureerde, maar informele benadering tot bogenoemde volg. Assesserings is wel van toepassing.
Die skool het ook 'n tweetalige (Afrikaans & Engels) graad RR-klas, waarvoor voornemende ouers kan aansoek doen.

2.1.2 Intermediêre en Senior Fase (Graad 4 tot 7 - KABV Kurrikulum)

Graad 4 tot Graad 6
Afrikaans Huistaal
Afrikaans Addisionele Taal
Engels Huistaal
Engels Addisionele Taal
Wiskunde
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe & Tegnologie
Lewensoriëntering
Rekenaargeletterdheid
Skeppende Kunste

Graad 7
Afrikaans Huistaal
Afrikaans Addisionele Taal
Engels Huistaal
Engels Addisionele Taal
Wiskunde
Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe
Tegnologie
Skeppende Kunste
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Lewensoriëntering
Rekenaargeletterdheid

2.1.3 Assesseringsprogram

Assessering van Gr. R-3 word deurlopend deur die onderwyser afgeneem. Van Gr. 4-7 geskied deurlopende assessering volgens 'n vooropgestelde plan. Toetsreekse vind plaas tydens kwartale 1 & 3 en eksamens tydens kwartale 2 & 4.

2.2 DEELNAME AAN SKOOLPROGRAM

'n Leerder moet aan die opvoedingsprogramme, soos deur die skool voorgeskryf, deelneem, tensy vrystelling skriftelik deur die skool verleen is.

2.3 STELSEL VAN SKOLASTIESE REKENSKAP

2.3.1 Graad RR

Terugvoering aan ouers oor die leerders se vordering sal twee keer per jaar (Junie en Desember) geskied. Waar probleemgevalle sou opduik, sal ouers daaromtrent ingelig word.

2.3.2 Graad R tot Graad 3

Terugvoering aan die ouers oor die leerders se vordering sal vier keer per jaar geskied. Gedurende die jaar vind deurlopende evaluering plaas en waar probleemgevalle sou opduik, sal ouers daaromtrent ingelig word.

2.3.3 Graad 4 tot Graad 7

Om gereelde studiegewoontes by ons leerders te bevorder en in te skerp, word 'n stelsel van toetse met die eksamenstelsel gekombineer. 'n Rapport word uitgereik aan die einde van elke kwartaal. Rapportering geskied na afloop van deurlopende assessering, soos voorgeskryf deur die WKOD.

2.4 VORDERINGSVEREISTES

2.4.1 Graad R

Vrystelling vir skoolpligtige leerders wat nie gereed is vir Graad 1 nie, word deur die WKOD hanteer.

2.4.2 Graad 1 tot Graad 3

Progressie- en Promosie-vereistes, soos voorgeskryf deur die WKOD, word gebruik.

PROMOSIEVEREISTES	PRESTASIEVLAK
Huistaal	4 (50%)
en	
Eerste Addisionele Taal	3 (40%)
plus	
Wiskunde	3 (40%)

2.4.3 Graad 4 tot Graad 7

Progressie- en Promosie-vereistes, soos voorgeskryf deur die WKOD, word gebruik.

Graad 4 - 6

PROMOSIEVEREISTES	PRESTASIEVLAK
Huistaal	4 (50% – 59%)
Eerste Addisionele Taal	3 (40% – 49%)
Wiskunde	3 (40% – 49%)
Enige twee ander vakke	3 (40% – 49%)

Graad 7

PROMOSIEVEREISTES	PRESTASIEVLAK
Huistaal	4 (50% – 59%)
Eerste Addisionele Taal	3 (40% – 49%)
Wiskunde	3 (40% – 49%)
Enige drie ander vakke	3 (40% – 49%)
Enige twee ander vakke	2 (30% – 39%)

2.5 ANDER BELANGRIKE GEGEWENS

2.5.1 Bybelonderrig

Tensy 'n ouer uitdruklik op die toelatingsvorm aangedui het dat hy/sy beswaar het teen Bybelonderrig, ontvang 'n leerder Bybelonderrig met 'n Christelike inslag tydens skoolure. Dit sluit enige optredes met 'n Chritstelike inslag, sowel as saalbyeenkomste in. Daar sal nie teen leerders van 'n ander geloof gediskrimineer word nie.

2.5.2 Musiek (Nie-eksamenvak)

Die Musiekdepartement is geprivatiseer. Aflegging van UNISA-eksamen is opsioneel. Musiekgeld word per kwartaal gehef en is vooruitbetaalbaar, direk aan die betrokke opvoeder. Wanneer 'n leerder musiekonderrig staak, word 'n skriftelike kennisgewing, een skoolkwartaal vooruit, vereis. Klasmusiekklasse, wat deel vorm van die akademiese leerplan, is wel by die skoolgelde ingesluit en vind tydens skoolure plaas.

2.5.3 Biblioteek

Die skool beskik oor 'n biblioteek met 'n eie naslaanafdeling. Die biblioteek is gedurende pouses en sekere middae vir ons leerders oop. Slegs 2 boeke mag op een slag uitgeneem word.

2.5.4 Onderwyshulp aan leerders

Die skool sal ouers kontak in verband met hulpverlening waar probleme waargeneem word. Ouers kan ook die skool nader indien daar vermoed word dat 'n leerder leerprobleme het. By die Verrykingsentrum word didaktiese hulp, remediëring, sowel as spraakterapie en arbeidsterapie, aangebied. Twee private beraders is ook hier betrokke. Kontak die skool sou u meer inligting rakende die skool se Verrykingsentrum verlang. Graad 4 - 7 leerders kan ook ekstra klasse vir taal- en leesprobleme 2 middae per week bywoon. Opvoeders identifiseer hierdie leerders.

2.5.5 Bywoning

'n Leerder is skoolpligtig vanaf die begin van die jaar waarin hy/sy sewe jaar oud word. Dit is absoluut noodsaaklik dat leerders die skool gereeld bywoon. Indien 'n leerder om een of ander werklik ernstige rede afwesig is, moet hy/sy, wanneer hulle weer die skool bywoon, 'n brief ter verduideliking inhandig. Indien 'n leerder vir meer as 2 skooldae afwesig was met siekte, moet 'n mediese sertifikaat met terugkeer ingehandig word. Vir die gereelde onttrekking van leerders tydens skoolure vir geloofsbyeenkomste, verlang die skool 'n skriftelik dokument van die geestelike leier. Indien 'n leerder afwesig was om enige rede, is dit sy/ haar eie verantwoordelikheid om huiswerk en agterstallige werk te kry en in te haal.

2.5.6 Tuisstudie

'n Vasgestelde studieprogram word aanbeveel. Hersiening moet 'n integrale deel van elke dag se studie-sessie vorm. Die riglyn van 10 minute per graad word gevolg, dus behoort 'n Graad 7-leerder die volgende tyd aan huiswerk na skool te bestee: 7 x 10 min = 70 minute.

2.5.7 Tuiswerkboeke

Die skool voorsien aan elke leerder 'n BD-tuiswerkboek. Ouers word versoek om asseblief behulpsaam te wees met die kontrole van tuiswerk deur toe te sien dat 'n leerder wel sy/haar take afhandel. Moenie sy/haar boek teken as dit ter elfder uur, byvoorbeeld direk voor skool, onder u aandag gebring word nie. Ons sal by die skool poog dat alle tuiswerk korrek afgeskryf word. Ouers/ voogde moet agterin die huiswerkboekie teken vir ontvangs van nuusbriewe en kennisgewings.

3. KOSHUIS: HUIS ELOFF

3.1 INWONING

Die skool beskik oor 'n koshuis, Huis Eloff, vir laerskoolseuns en -dogters. Die koshuis word slegs vanaf Maandagoggend 07:00 tot Vrydagmiddag om 15:00 bedryf.

3.2 KOSHUISTOELATING

Toelatingsbeleid

'n Leerder wat kwalifiseer vir toelating tot die skool, mag ook tot die koshuis toegelaat word, inagnemend die beskikbaarheid van plek in die koshuis en of die ouers die finansiële verpligtinge kan nakom. Goeie algemene gedrag en dissipline is 'n vereiste. Let daarop dat Laerskool Bredasdorp nie 'n kosskool is vir leerders buite die onmiddelike omgewing nie.

3.3 LOSIES

Losies is kwartaalliks vooruitbetaalbaar by die koshuis. Die tariewe word deur die Koshuiskomitee vasgestel. Fooie is op navraag by die koshuis beskikbaar. Ons bied ook keuses vir tydelike inwoning aan.

3.4 NASKOOL

Huis Eloff het ook 'n nasorgdiens waar die dagstudente by die normale program van die koshuisleerders kan inskakel, teen 'n vasgestelde bedrag per dag.

3.5 WEBTUISTE

www.bredasdorpprim.co.za

3.6 E-POS

huiseloff@lbps.co.za

4. ALGEMEEN

4.1 OMSENDBRIEWE

Ten einde seker te maak dat alle omsendbriewe en inligtingstukke u bereik, word dit op die skool se *D6 Communicator,* onder *Resources* en *News* geplaas. Vir ouers/voogde wat aangedui het dat hul steeds korrespondensie per hand wil ontvang, word inligtingstukke tydens skooltyd in die afsonderlike klasse se lêers geplaas, waarna dit aan die betrokke leerders uitgedeel word.

Algemene omsendbriewe word gewoonlik slegs vir die oudste leerder in 'n gesin gegee. Deur die tuiswerkboek te teken, dui u aan dat u die omsendbriewe ontvang het. Nuusbriewe, met relevante inligting, word so ver moontlik elke Donderdag geplaas / uitgegee.

4.2 BUSDIENS VANAF STRUISBAAI EN L'AGULHAS

Ouers van Struisbaai en L'Agulhas tref self vervoerreëlings.

4.3 SNOEPIE

Die snoepie is geprivatiseer. Benewens lekkernye, word daar ook iets voedsaam te koop aangebied.

4.4 SWEMBAD

Die swembad is tans slegs tydens skoolure in gebruik vir ons leerders. Dit word wel uitverhuur vir privaat-funksies. Skakel die kantoor vir tariewe.

Daar word gedurende die somerkwartale swemlesse aangebied vir alle ouderdomsgroepe en ons neem gereeld aan swemgalas deel. Leerders moet reg geklee wees tydens oefeninge en die dra van 'n swempet is verpligtend.

5. SKOOLLIED: LAERSKOOL BREDASDORP

Hier op suidste punt van Afrika
Leer ons saam in liefde beur.
Leer ons saam die juk van diens te dra,
in ons skool en heel die lewe deur.

Koor:
Saam sing: "Saam beur in liefde!"
Beur, beur, beur na Bo!
Dra die Meesters juk in diens!
Dra, dra, dra en glo!
Saam sing: Saam beur in liefde,
Beur, beur, beur na Bo!

Onderwysers, ouers en kinders beur
Saam met heel ons maatskappy
Om deur liefdesdiens ons juk van eer
Puik karakterdeug as oes te kry.

Ons sal streef om altyd hoog te hou:
Liefdediens as ideaal
Ons sal saamboer, aan ons leuse trou
En in liefdediens die hoogste haal.

Woorde: J P Venter
Toonsetting: E J Krige

SCHOOL SONG

At the Southern tip of Africa
Where two mighty oceans meet
In a school we love and cherish
We are taught to honour our creed

Chorus:
Co-operate, co-operate in love
That we strive to do
Share our burdens every day
Share, share, share and pray
Co-operate, co-operate in love
To your self be true.

Vertaling: Anina Aylward

6. SKOOLREËLS

6.1 VOORKOMS VAN LEERDERS

Die persoonlike voorkoms en kleredrag van 'n leerder moet voldoen aan die welvoeglikheid wat deur die skool aanvaar word. Daar moet gelet word op persoonlike higiëne sodat elke leerder 'n toonbeeld van netheid met 'n gesonde voorkoms sal wees.

6.2 GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

6.2.1 Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof se verlof uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In geval van afwesigheid moet ouers 'n rede aan die skoolhoof verstrek. Indien 'n leerder tydens skooltyd 'n doktersafspraak, begrafnis, ens. het, moet 'n volwassene hom/haar by die kantoor uitteken. Ouers moet minstens 2 dae voor die tyd hierdie inligting skriftelik aan die skool deurgee.

6.2.2 Leerders wat laat kom, moet by die kantoor verskoning maak. Hierdie leerders skryf self sy/ haar naam in 'n registerboekie vir kontrole doeleindes.

6.2.3 Terwyl 'n leerder onder die skool se toesig is, mag hy/sy nie 'n medeleerder se liggaamlike- of emosionele welsyn benadeel of in gevaar stel nie en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of stowwe wat liggaamlike besering kan veroorsaak, in sy/haar besit hê nie.

6.2.4 Geen leerder mag op die skoolterrein of in die skoolgeboue rook nie.

6.2.5 Geen leerder geklee in enige BD-drag, mag in die openbaar rook of die skool se naam skade aandoen deur hul optrede nie.

6.2.6 Geen leerder mag dwelmmiddels, alkoholiese drank, aanstootlike leesstof of materiaal in sy/haar besit hê of aan 'n ander gee nie.

6.2.7 Skooleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom is van iemand anders, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie. Indien skooleiendom beskadig word, moet dit onmiddellik by die skoolhoof aangemeld word deur die betrokke persoon, monitorraadslede of leerlingraadslede wat daarvan bewus is. Moedswillige beskadiging van eiendom moet deur die skuldige vergoed of herstel word. Dit sluit skoolhandboeke en biblioteekboeke in. Geen rommel mag rondgestrooi word nie.

6.2.8 Geen leerder mag minagting teenoor die skool se kodes openbaar nie.

6.2.9 Geen kougomkouery word in die skool toegelaat nie.

6.3 DEELNAME AAN SKOOLPROGRAM

6.3.1 'n Leerder moet aan die opvoedingsprogramme, soos deur die WKOD voorgeskryf, deelneem, tensy vrystelling deur die WKOD verleen is. LO vorm deel van die assesseringsprogram en leerders moet dus, soos deur die WKOD voorgeskryf, hieraan deelneem. Slegs amptelike mediese briewe sal 'n leerder tydelik hiervan vrywaar.

6.3.2 Wanneer 'n leerder hom/haar vrywillig by 'n buitemuurse skoolbedrywigheid aangesluit het, moet hy/sy sy/haar verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee stiptelik nakom, tensy hy/sy deur die betrokke opvoeder daarvan vrygestel word.

6.3.3 Tydens skooluitsappies, sportdae en ander skoolaangeleenthede, geld alle skoolreëls.

6.3.4 Leerders mag geen fasiliteite of toerusting van die skool, insluitende dié vir sport, buite skoolure sonder toestemming van die skoolhoof gebruik nie en mag nie die skoolgebou buite skoolure sonder verlof betree nie.

6.3.5 Wanneer leerders die klasse verlaat tydens periodes, moet hulle toestemming vanaf hul registeronderwyser / betrokke onderwyser kry.

6.4 SKOOLDRAG

U samewerking ten opsigte van skooldrag gaan die identiteit van Laerskool Bredasdorp bepaal. ALLE KLEDINGSTUKKE MOET DUIDELIK BINNE-IN GEMERK WORD. Leerders se name mag nie buite-op hule klere geborduur word nie.

6.4.1 Winterdrag

- Vir die winter kan leerders kies tussen drag 1 en drag 2.
- Graad 4-7 en koor leerders moet egter drag 1 besit vir formele geleenthede.
- Graad 1 - 6 dra die skoolsweetpak of BD's kortbroekie. Slegs die Graad 7's mag die reënbaadjie elke dag dra. Graad 1 - 6 dra hierdie baadjies slegs op reëndae.
- Leerders moet die gholfhempie by die sweetpak dra en nie die gewone wit hemp nie. Geen moulose trui by die sportdrag nie.
- Leerders moet drafskoene (oorwegend wit met wit veters) by die sweetpak dra en nie skoolskoene nie.
- Geen langmou- of kortmou frokkies (wit of gekleur) mag uitsteek onder skooldrag nie.
- Vir LO-lesure, dra leerders hul gholfhempie en BD's kortbroekie. Dogters moet in 'n eenstuk swem, terwyl seuns in 'n BD's kortbroekie of "bord short" wat net bo die knie pas, mag swem. Swempette is verpligtend.

Leerders sal een dag per kwartaal die geleentheid kry om hul Provinsiale of Kultuurdrag (bv. Voortrekkers, ens.) skool toe aan te trek. Hierdie uniform-pronkdae, hoogstens een per kwartaal, sal op ons Jaarbeplanner aangedui word.

6.4.2 Sportdrag

Skoolsweetpak of BD's kortbroek word gedra na en van sportgeleenthede.

Geen juweliersware mag tydens wedstryde en oefeninge gedra word nie, om veiligheidsredes.

6.4.2.1 Atletiek: Gholfhemp en donkerblou BD's kortbroek.
Atletiekfrokkie vir spandeelname.

6.4.3.2 Hokkie: Donkerblou BD's kortbroek (seuns) / "skort" (dogters), gholfhemp, donkerblou kouse met geel strepe, drafskoene.
Beskermende toebehore, soos been- en mondskerms is verpligtend. Die skool dra geen verantwoordelikheid indien 'n leerder, wat sonder hierdie toebehore speel, beseer word nie.
0/13A: Geborgde hokkieklere.

6.4.3.3 Krieket: **0/7 – 0/9**: Donkerblou BD's kortbroek met gholfhemp, kaalvoet.
0/11: Donkerblou BD's kortbroek met gholfhemp, drafskoene en donkerblou kouse met geel strepe.
0/13: Wit langbroek, gholfhemp, wit sokkies met drafskoene.

6.4.3.4 Netbal: **0/7 – 0/13B**: Donkerblou skort, gholfhemp, drafskoene en kort wit sokkies.
0/13A: Geborgde netbalklere, wit kouse en drafskoene.

6.4.3.5 Rugby: Donkerblou PT-broek met rugbytrui wat deur die skool verskaf word vir wedstryde (oefen met enige rugbytrui).
0/13A: Geborgde rugbyklere.
Skrumpette moet swart en/ of navy wees. Geen helderkleurige skrumpette word toegelaat nie.

6.4.3.6 Swem: Gala: Swart of Navy eenstuk-swembroek en BD-swempet.

6.4.3.7 Tennis: Donkerblou BD's kortbroek (seuns) / "skort" (dogters) met gholfhemp, drafskoene / tennis tekkies en wit sokkies.

6.4.3.8 Tweekamp: Sien Atletiek en Swem.

Slegs kortmou "second skins" in navy of swart word toegelaat. Slegs kort "ski pants" in navy of swart word toegelaat. Dit vervang nie sportdrag nie, maar word onder dit gedra.

6.4.3 Verskaffers van skooldrag

Skooldrag word privaat deur 'n offisiële verskaffer verskaf – kontak die kantoor in hierdie verband.

Klerebank vir tweedehandse klere beskikbaar by die BD Shoppe in Langstraat. Kontak hul by 071 029 5618

Die Beheerliggaam behou hom die reg voor om kleredrag wat nie korrek of netjies is nie, af te keur.

6.4.4 Algemeen

DOGTERS: SOMERSDRAG 1 (FORMEEL)	SEUNS: SOMERSDRAG 1 (FORMEEL)
Donkerblou "A-lyn" rompie Wit kortmouhemp Geen das Donkerblou "V-nek"-trui / Moulose trui Sweetpakbaadjie Swart skoene ("Baby Doll" -skoene aanvaarbaar) Wit sokkies Alle haarbykomstighede moet wit / "navy" wees. Dogters met swart/ donkerbruin hare, mag swart haarrekkies dra.	Grys kortbroek (geen langbroek in die somer) Wit kortmouhemp Geen das Donkerblou "V-nek"-trui / Moulose trui Sweetpakbaadjie / Reënbaadjie Swart toerygskoene Lang grys kouse sonder strepe

SOMERSDRAG 2 (SPORT)	SOMERSDRAG 2 (SPORT)
Gholfhempie Sweetpak / Donkerblou BD's kortbroek Wit sokkies Wit drafskoene (oorwegend wit met wit veters) Kaalvoet (slegs as kortbroek gedra word)	Gholfhempie Sweetpak / Donkerblou BD's kortbroek Wit sokkies Wit drafskoene (oorwegend wit met wit veters) Kaalvoet (slegs as kortbroek gedra word)

DOGTERS: WINTERSDRAG 1 (FORMEEL)	SEUNS: WINTERSDRAG 1 (FORMEEL)
Donkerblou "A-lyn" romp Wit lang- of kortmouhemp met bo-knoop vir das Das verpligtend Donkerblou "V-nek"-trui / Moulose trui Sweetpakbaadjie / Reënbaadjie (Gr. 7) Donkerblou broekiekouse met swart skoolskoene ("Baby Doll" - skoene aanvaarbaar) Alle haarbykomstighede moet wit/ "navy" wees. Dogters met swart/ donkerbruin hare, mag swart haarrekkies dra.	Grys langbroek/ kortbroek Wit lang- of kortmouhemp met bo-knoop vir das Das verpligtend Donkerblou "V-nek"-trui / Moulose trui Sweetpakbaadjie / Reënbaadjie (Gr. 7) Grys kouse sonder strepe, met swart skoolskoene

WINTERSDRAG 2 (SPORT)	WINTERSDRAG 2 (SPORT)

Skoolsweetpak BD's kortbroek mag op warm dae gedra word. Gholfhempie Wit sokkies (geen strepe) Wit drafskoene (oorwegend wit met wit veters)	Skoolsweetpak BD's kortbroek mag op warm dae gedra word. Gholfhempie Wit sokkies (geen strepe) Wit drafskoene (oorwegend wit met wit veters)

- Somersdrag word gedurende die eerste en vierde kwartaal gedra en wintersdrag gedurende die tweede en derde kwartaal. Leerders sal vroeg in die tweede en vierde kwartale in kennis gestel word wanneer daar oorgeskakel word na 'n ander drag.
- Leerders mag gedurende die somermaande kaalvoet skool toe kom. (Slegs as hulle in sportklere (Somersdrag 2) geklee is.)
- Alle kledingstukke moet baie duidelik met die leerder se volle naam gemerk word. Onopgeëiste klere sal aan die einde van elke kwartaal verkoop word.
- Indien probleme ondervind word met die aanskaf van die regte skooldrag, kan die skool gekontak word.
- Sportdrag word volgens die vereistes van die verskillende sportsoorte bepaal. Let daarop dat slegs 'n skoolsweetpak gedra mag word. Geen helderkleurige veters mag gedra word nie. Tekkies moet oorwegend wit wees met donker bykomstige kleure. Geen helderkleurige tekkies is toelaatbaar nie. Géén "sneakers", Tomi-tekkies, ens. mag gedra word nie.
- Die Beheerliggaam behou hom die reg voor om ouers wie se kinders nie netjies en korrek volgens die voorskrifte geklee is nie, aan te spreek.Indien 'n leerder nie die korrekte sokkies of drafskoene dra nie sal hy gevra word om kaalvoet te loop vir die res van die dag.

6.4.5- CIVVIE-DAE

Civvies vervang die skooluniform vir 'n bepaalde dag, maar dit beteken nie dat die standaard van kleredrag verlaag nie. **Enige leerder wat onvanpas geklee is, sal huis toe gestuur word om hul skooldrag te gaan aantrek. Hierdie reels geld ook vir toere, uitstappies en kampe.**

- Dit is ouers se verantwoordelikheid om hul kind se kleredrag te bestudeer voordat hul skool toe gaan.

- Dit is onderwysers se verantwoordelikheid om leerders se kleredrag tydens skool en skoolaktiwiteite te monitor en seker te maak dat die Skooldrag Beleid nagekom word.

RIGLYNE VIR CIVVIE-DAE

Aangesien hierdie dae namens die leerders versoek word, is die verwagtinge van gepaste uitrustings wat op ons almal van toepassing is, steeds in plek. Kledingstukke wat nie met die beginsels en morele standaarde van ons skool ooreenstem nie, is te alle tye onaanvaarbaar. Hierdie sluit onbeskofte- of aanstootlike slagspreuke, of items wat nie die regte van ander of self respekteer nie, in. Daarom moet klere wat op 'n Civvie-dag gedra word, gepas wees vir 'n klaskamer-omgewing. Leerders wat hierdie verwagtinge verontagsaam, sal huis toe gestuur word om in hul skoolklere te verklee, en so ook die toekoms van Civvie-dae in gedrang bring. Civvie-dae is 'n voorreg wat verdien word. Die skool se

Dissiplinêre Komitee behou die reg om Civvie-dae af te skaf vir leerders wie se kleredrag nie aan die kleredragbeleid voldoen nie.

1. Daar word van alle leerders verwag om netjies, smaakvol, en met 'n gevoel van persoonlike trots wat ons skool se standaarde reflekteer, aan te trek.

2. Hemde moet moue hê. Halternek-, tank-, klok-, of crop tops word nie toegelaat nie.

3. Kortbroeke en rompies moet 'n gepaste lengte wees. Diskresie sal deur opvoeders toegepas word.

4. Bandanas, sweetbande, sluiers of sonbrille mag nie gedra word nie.

5. Leerders wat pette dra, mag gevra word om dit in die klaskamer af te haal as 'n teken van hoflikheid, en daar sal van hul verwag word om die versoek te gehoorsaam.

6. Bendeverwante klere en bykomstighede word nie toegelaat nie.

Uitrustings wat aanstootlike voorstelle en/of ongepaste boodskappe of prente uitdra, insluitend dit wat onderstaande bevat of vertoon, word nie toegelaat nie:

- Seksuele inhoud
- Dwelm-, alkohol-, of tabakmisbruik.
- Geweld
- Kru taal of negatiewe boodskappe
- Ongepaste verwysing na nasionaliteit, ras, geslag of geloof.

6.5 HARE

Voorskrifte in verband met seuns en dogters se haarstyle moet noukeurig nagekom word.

Seuns:

- Hare moet netjies en gekam wees.
- Die hare in die nek moet minstens een sentimeter van die hempkraag af wees as die seun normaal regop staan.
- Hare moet om die ore gesny wees en mag nie so lank wees dat dit aan die ore raak as dit regaf gekam word nie.
- Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak as dit regaf gekam word nie.
- Bakkebaarde mag net tot in die helfte van die oor kom.
- Geen alternatiewe haarsnit nie (bv. "English cut", "Comb over", "Steps", "Undercuts", "Mohwaks" , "patrone ingeskeer", ens.) of enige vreemde haarstyle word toegelaat nie. Enige alternatiewe haarsnitte of -style mag, na inspeksie, deur die dissiplinêre komitee aangespreek word. Indien u kind 'n "Afro" het, mag dit nie langer as 3cm regoor sy kop se haararea wees nie.
- Hare wat geskeer word: Geen 0-lemme mag gebruik word nie. Geen aanpassing (opskuif) van haarlyne word toegelaat nie. Daar moet geleidelik van die een nr. lem na die volgende

oorgegaan word, sonder dat 'n nommer lem oorgeslaan word. Dit sal verhoed dat hare lyne inhet.

- Geen "Dreadlocks" word toegelaat nie. (Behalwe as dit deel van leerder se geloof en/of kultuur is en hy (ouers) dit kan bewys en motiveer en hy skriftelike toestemming gegee word deur die skool se beheerliggaam).
- Hare mag nie gekleur, gebleik of gekartel word nie.
- Indien seuns enige vorm van gesighare (baard,snor) begin toon/groei, moet dit elke dag skoon geskeer word.
- Geen stileermiddels (jel) word toegelaat nie.
- Geen bykomstighede soos musse word toegelaat tydens skooltyd nie.
- Die skool behou die finale oordeel oor die netheid van die hare. Indien enige twyfel bestaan, sal die leerder gestuur word om sy hare op eie koste te laat sny.

Dogters:

- Die hare moet te alle tye netjies en skoon wees en mag nie in die oë hang nie.
- Hare wat so lank is dat dit onder die kraag hang, moet vasgebind of gevleg word (slegs wit en "navy" bykomstighede). Dogters met swart/ donkerbruin hare, mag swart haarrekkies dra.
- Bollas moet netjies vasgemaak wees en nie punte uithang nie.
- Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Dit sluit "highlights" in.
- Geen stileermiddels soos jel of haarsproei word toegelaat nie.
- Indien ingevlegte hare of verlengings gedra word, moet dit dieselfde kleur as die normale haarkleur van die leerder wees. Die verlengings moet ook eenkleurig wees en netjies in een- of twee poniesterte vasgebind wees.
- Geen "Dreadlocks" word toegelaat nie. (Behalwe as dit deel van leerder se geloof en/of kultuur is en sy (ouers) dit kan bewys en motiveer en sy skriftelike toestemming gegee word deur die skool se beheerliggaam). Indien u kind 'n "Afro" het, mag dit nie langer as 3cm regoor haar kop se haararea wees nie.
- Hare mag nie van gekleurde verlengstukke ("extensions") voorsien word nie.
- Haar toebehore: Slegs die skoolkleure, wit en "navy" strikke en kopbande. Rekkies moet navy of wit wees. Dogters met swart/ donkerbruin hare, mag swart haarrekkies dra.
- Geen lang kuiwe wat in die oë hang word toegelaat nie. Geen haarslierte mag loshang nie.
- Permanente haarkrul is ontoelaatbaar.

6.6 GRIMERING

- Onder geen omstandighede sal grimering van enige aard toegelaat word nie. Dit sluit maskara, oogskaduwee, onderlaag en blossering, oogomlyner en "lip-gloss" in.
- Indien 'n leerder gevind word wat hierdie reël oortree, sal hul dit sonder verwyl moet verwyder.
- Onderlaag sal slegs toegelaat word indien die leerder in besit is van 'n mediese sertifikaat of vooraf toestemming van die hoof.
- Geen vorm van tatoeëring word toegelaat nie.

6.7 NAELS

- Leerders se naels (hand en voet) moet te alle tye goed versorg wees. Dit geld ook vir sportgeleenthede soos oefeninge en sporttoere, asook enige ander uitstappie soos deur die skool gereël.

- Daar moet aan die volgende vereiste voldoen word:
  - As die handpalm na buite wys, mag die nael nie by die vingerpunt verbysteek nie.
  - Geen naellak word toegelaat nie, (insluitend toonnaels).
- Die leerder sal gevra word om eie naels by die skool te knip, indien hierdie reël nie nagevolg word nie.
- Naels moet altyd skoon, kort en netjies wees.

6.8 JUWELIERSWARE

Seuns en Dogters:

- Indien leerlinge in skooluniform geklee is, word slegs die volgende toegelaat:
- 1 Standaardtipe horlosie. Geen sier-horlosies met helderkleurige bandjies nie of nuwe Apple, Fitbits of Samsung smart horlosies nie.
- Dogters mag net een paar oorringetjies (standaard) goud- of silwerkleurig (sleepers) of een paar bolletjies ("studs"), goud- of silwerkleurig (3mm deursnee) sonder enige steentjies, dra. Indien 'n dogter meer as een gaatjie het, moet die oorringetjies of – bolletjiies in die onderste gaatjie gedra word.
- Seuns word nie toegelaat om enige oorbelle te dra nie.
- Geen hangertjies of armbande, behalwe Medic-Alert of allergie-aanduidings.
- Geen ringe mag gedra word nie.
- Tong-, naeltjie-, oog- of neusringe word verbied en die leerder sal gevra word om dit onmiddellik te verwyder.
- Om veiligheidsredes word geen juweliersware tydens oefeninge of wedstryde toegelaat nie.

6.9 SPORT

Dit word verwag dat alle leerders aan 'n somer- en wintersport deelneem. Met besoeke aan ander skole vir sportbyeenkomste moet leerders wat as toeskouers saamgaan, skooluniforms vir die geleentheid aantrek, tensy daar anders met die skoolhoof gereël is. Wanneer 'n leerder op 'n Vrydag sonder verlof afwesig is, mag hy die eersvolgende Saterdag aan geen sport deelneem nie, tensy hy die verlof van die skoolhoof verkry om deel te neem. Die deelnemers moet ten alle tye geklee wees in die drag soos vir elke sportsoort vereis.

6.10 LEERDERLEIERS

Monitorraadslede (laaste +/- 8 weke van kwartaal 4 & eerste +/- 8 weke van kwartaal 1) of BD-raadslede (laaste 2 weke van kwartaal 1, kwartaal 2, kwartaal 3 en die eerste helfte van kwartaal 4) is verantwoordelik vir die uitvoering van opdragte soos van tyd tot tyd deur die personeel aan hulle opgedra. Dit mag toesighouding op die speelterrein, in gange en geboue, tydens pouses en voor skool insluit.

6.11 ALGEMEEN

6.11.1 Die afsondering van paartjies en fisiese kontak op die terrein, voor skool en tydens pouses, word verbied. Samesyn tussen seuns en dogters geskied sodanig dat dit tot eer van die skool sal strek. Dit geld ook vir skool-uitstappies, kampe en

sportgeleenthede.

6.11.2 Seuns behoort te alle tye hoflik teenoor hul maats, dogters, volwassenes en onderwysers op te tree. Hande in sakke is nie toelaatbaar nie.

6.11.3 Geen tasse word in die portaal neergesit nie en leerders beweeg nie deur die portaal nie, behalwe as hul na die sekretaresse toe gaan.

6.11.4 Geen leerder mag voor skool, na skool of tydens pouses sonder toestemming in klaskamers, die saal of in 'n gebou van die skool wees nie.

6.11.5 Die skoolterrein mag alleen met verlof van die skoolhoof of sy gemagtigde verlaat word tydens skoolure, of nadat leerders in die skool se sorg afgelaai is.

6.11.6 Die Gr. 4 tot 7-leerders beweeg tussen klasse, terwyl die opvoeders in die klasse bly. In die gange en op stoepe word gewone verkeersreëls gehandhaaf, met ander woorde leerders hou links, agter mekaar. Wanneer rye kruis, het die ry wat reeds beweeg, voorkeur. Leerders moet flink, sonder 'n geraas, na- en van die klasse beweeg.

6.11.7 Tasse mag nie bekrap of beplak word nie.

6.11.8 Pap rugsakke sonder versterkings is nie aanvaarbaar nie. Indien leerders "Caddies" gebruik, moet dit blou wees. Indien 'n leerder reeds 'n geleurde "Caddie" gebruik met die verandering van hierdie reël, kan hy/ sy dit gebruik. Indien 'n nuwe een aangekoop word, om watter rede ook al, moet dit blou wees.

6.11.9 Skoolhandboeke, -skryfboeke, woordeboeke en biblioteekboeke moet in 'n netjiese toestand gehou word, oorgetrek word en nie beskadig word nie. Indien 'n leerder dit beskadig of verloor, is sy/ haar ouers of wettige voogde aanspreeklik vir die kostes.

6.11.10 Indien daar gerapporteer word dat 'n leerder hom skuldig maak aan òf die gebruik van dagga òf drank òf 'n oortreding soos gemeld in die skool se gedragskode, sal die Beheerliggaam/Dissiplinêre komitee die saak volgens meriete hanteer.

6.11.11 'n Skriftelike klag moet ingedien word deur 'n ouer of lede van die publiek teen 'n leerder wat hom skuldig gemaak het aan 'n oortreding soos genoem in die skool se gedragskode, voordat die Skoolhoof en die Beheerliggaam die saak sal ondersoek.

6.11.12 'n Leerder van Laerskool Bredasdorp bly te alle tye 'n lid (leerder) van die skool. Sy/haar optrede buite die skoolgronde raak die naam van die skool direk. Daar kan nie toegelaat word dat een of twee leerders met hulle swak gedrag die res van die skool benadeel nie. Dit is 'n voorreg om 'n leerder van Laerskool Bredasdorp te wees. Indien 'n leerder voel dat hy/sy nie die skoolreëls wil respekteer en nakom nie, staan dit hom/haar vry om na 'n ander skool te gaan.

6.11.13 Die skool besit sluitkaste wat op 'n kwartaallikse of jaarlikse basis gehuur kan word. Ons senior leerders kry voorkeur met die toeken van die sluitkaste.

6.11.14 Tydens pouse en voor skool maak die verskillende grade van eie speelterreine gebruik. Die groepe sal ook van tyd tot tyd hul terreine moet skoonmaak.

6.11.15 Indien leerders nie direk na skool opgelaai kan word nie, word daar van hulle verwag om binne die skoolterrein in die geallokeerde area, te wag. Indien leerders ná 15:00 opgelaai word, verkies ons dat leerders by die veilige wagarea in Buitekantstraat opgelaai word.

6.11.16 Rommelstrooiery word nie toegelaat nie en dit word van tyd-tot-tyd van ons leerders verwag om die rommel op te tel.

6.11.17 Leerders mag nie met water by die skool mors of krane ooplos nie. Water is 'n kosbare hulpbron.

Die terreine is as volg toegeken:

Gr. 5 - 7: Die rugbyveld op Maandae, Woensdae en Vrydae.
Die netbalbaan en omgewing op Dinsdae en Donderdae.
Gr. 1 - 4: Die netbalbaan en omgewing op Maandae, Woensdae en Vrydae.
Die rugbyveld op Dinsdae en Donderdae.

Die Preprimêre speelterrein is buite perke vir alle leerders behalwe Preprimêre leerders. 'n Rooster sal gevolg word vir die kunsgras-area en hindernisbaan.

6.12 AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Indien 'n leerder 'n afspraak (bv. medies) gedurende skooltyd moet nakom, moet die ouer die leerder persoonlik by die sekretaresse by ontvangs kom haal en uitteken, nadat vooraf toestemming verkry is.

Indien 'n ouer 'n afspraak met die skoolhoof, adjunkhoof of onderwyser verlang, moet die skool in hierdie verband geskakel word. Die sekretaresse verantwoordelik, sal 'n afspraak maak wanneer die betrokke onderwyser beskikbaar is.

7. GEDRAGSKODE VIR LEERDER VAN LAERSKOOL BREDASDORP

Dissipline is 'n noodsaaklike voorvereiste om tot selfdissipline te ontwikkel en sodoende teregwysings en straf oorbodig te maak - 'n eienskap wat as kriterium vir volwassenheid erken word. **Die skool het 'n Dissiplinêre Komitee om te besluit oor ernstige gedragsprobleme. Die Komitee bestaan uit die hele bestuurspan en een gekoöpteerde lid.**

7.1 INLEIDING

Definisie:
'n Gedragskode vir leerders in terme van die SA Skolewet 84 van 1996 bevat reëls en beginsels om goeie gedrag te bevorder en om ongewenste gedrag in die skoolsituasie te hanteer. Die gedragskode is gebaseer op die skool se visie om BD's toe te rus vir die toekoms deur hulle volle potensiaal te ontwikkel.

Opvoeders:
Opvoeders speel vanselfsprekend 'n deurslaggewende rol by skooldissipline en hulle moet in hulle interaksie met leerders op 'n wetlike korrekte en gedissiplineerde wyse optree.

Ouers:
Dissipline begin primêr by die ouerhuis. Daar word verwag dat die ouers/voogde die gedragskode van Laerskool Bredasdorp sal ondersteun. Ouers speel 'n uiters belangrike rol en hul volle samewerking en ondersteuning word dus verwag. Ouers onderteken die gedragskode wat as bewys van aanvaarding dien.

7.2 WETLIKE RAAMWERK

1. Minister van Onderwys: Verantwoordelik vir die formulering van beleid vir die kontrole en dissipline van leerders (Wet 27, 1996)
2. Beheerliggaam van elke skool is verantwoordelik vir die aanvaarding van 'n gedragskode vir leerders (Wet 8(1) van Wet 84 van 1996)
3. Die bogenoemde moet in lyn wees met die fundamentele regte gewaarborg deur die grondwet (Wet 108 of 1996) en ander verwante wetgewing soos gelys hieronder:

- SA grondwet (Wet 108 van 1996)
- VN Konferensie van die regte van die kind (1990)
- Afrika Akte vir die Regte en Welsyn van die Kind (1999)
- Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27,1996)
- SA Skolewet (Wet 84 van 1996)
- Wes-Kaap Provinsiale Onderwyswet (Wet 12,1997)
- Kindersorgwet (Wet 74 van 1983)
- Buitengewone Provinsiale Gazette (Okt. 2001)
- Onderwyswysigingswetgewing (Wet 31 2007)
- Wet 31 van 2007 (Deursoeking en beslaglegging)

7.3 DOELWITTE VAN GEDRAGSKODE

- Riglyne waarvolgens konsekwent opgetree moet word
- Optrede vir die regstelling van ongedissiplineerde gedrag
- Te verseker dat leer plaasvind
- Veilige omgewing skep
- Te lei tot selfdissipline
- Grense te stel
- Oop kanaal met ouers te vestig
- Om tot voordeel van die leerder op te tree

7.4 Beleidsbeginsels

- Alle partye aanvaar die verantwoordelikheid vir hul gedrag
- Die daarstelling van wedersydse respek tussen alle betrokkenes
- Bevordering van selfdissipline
- Motivering van positiewe gedrag en houding
- Die kweek van 'n gedissiplineerde omgewing en –kultuur

7.5 POSITIEWE DISSIPLINE

Positiewe dissipline sal lei tot 'n gedissiplineerde skoolomgewing waar maksimale leer sal plaasvind. Leerders word d.m.v. BD bucks beloon vir goeie gedrag.

Om positiewe dissipline te bereik, moet leerders strewe na:

- **aanspreeklikheid vir optrede**
- 'n positiewe ingesteldheid
- respek vir hulself en ander, asook eiendom van ander en die skool, sowel as die skoolomgewing
- doelgerigtheid
- verantwoordelikheid
- eerlikheid en betroubaarheid
- erkentlikheid
- selfbeheersing
- samewerking
- gehoorsaamheid
- getrouheid
- netheid
- verdraagsaamheid

POSITIEWE GEDRAG

Belonings vir positiewe gedrag word deur middel van die "BD bucks" stelsel gedoen. Met hul BD bucks koop leerders voorregte. Nuwe idees word gereeld by hierdie voorregte bygevoeg en leerders kan nuwe voorstelle voorlê, wat dan oorweeg sal word.

Die Beheerliggaam en personeel van die skool verwag van elke ouer om hul hand in hierdie uiters belangrike positiewe aspek van 'n leerder se opvoeding te sterk. Ouers word verseker dat die skool en personeel, in hul optrede, altyd die belange van alle leerders op gelyke grondslag op die hart dra. Laerskool Bredasdorp sou in sy algemene doel van opvoeding slaag indien elke leerder ná voltooiing van sy skoolloopbaan, 'n waardevolle ambassadeur vir sy skool en gemeenskap sal wees en ook 'n positiewe bydrae tot die samelewing sal maak.

RESPEK:
Selfrespek
Respek teenoor alle mense
Hoflikheid

BURGERSKAP:
Gehoorsaamheid van reëls en landswette
Skoonmaak & verfraaiing
Netheid van kennisgewingborde, speelgrond, klaskamer e.a. lokale
Getrouheid

VERANTWOORDELIKHEID:
Netjies versorg
Goed georganiseerd
Skoolwerk en -boeke by skool
Huiswerk gedoen
Lewer uitstaande werk (volgens vermoë en vermoëns)
Bring aanvullende materiaal

OMGEE:
Vriendelikheid
Boeke, lêers, tas goed versorg
Bedagsaam
Hulpvaardig
Mensliewend

EERLIKHEID:
Teenoor self
Teenoor ander

REGVERDIGHEID:
Bevoordeel niemand
Hanteer almal op gelyke voet

SELFDISSIPLINE:
Gee uitvoering aan versoeke
Weerhou van versoekings

VERDRAAGSAAMHEID:
Teenoor almal o.a. geloof, geslag, ras, ens.

SPORT & KULTUUR:
Goeie gedrag en sportmanskap

7.6 BELEIDSBESLUIT

- Positiewe gedrag en houding sal beloon word.
- Die daarstelling van 'n veilige leeromgewing waar gesonde norme en waardes uitgeleef kan word.
- Alle belanghebbendes sal aktief betrokke wees by die implementering en handhawing daarvan.
- Enige wangedrag sal deur die skoolhoof en personeel hanteer word in terme van die gedragskodes.
- Ouers/voogde sal die skool ondersteun in die implementering en handhawing van die skool se gedragskode.
- Inskerping van selfdissipline op 'n daaglikse basis.

7.7 SELFONE

Selfone moet afgeskakel en weggebêre wees tydens skoolure. Sien skool se interne beleid ten opsigte van selfone. Hierdie beleid geld ook vir uitstappies, kampe en sportgeleenthede. Leerders mag nie geklee in enige BD-drag, die skool se naam oneer aandoen deur die manier hoe hulle hul selfone gebruik nie, bv. deur musiek hard in die straat te speel, ens. nie.

7.8 NEGATIEWE GEDRAG - DETENSIE/ ROOI BOEK (Graad 1&2 net vir boekhou/aanteken) (Graad 3-7 / Detensie)

- Leerders werk op 'n puntestelsel.
- Punte word afgetrek wanneer oortredings herhaaldelik voorkom.
- Wanneer 'n leerder -20 punte behaal, moet hy/sy detensie sit.
- Die punte van die vorige kwartaal sal nie oorgedra word na die volgende kwartaal nie (indien dit minder as 20 punte is), en begin dus weer op nul. Indien 'n leerder detensie weens omstandighede, siekte of 'n geldige verskoning mis, of daar nie nog 'n detensie-geleentheid is nadat hy/sy sy/haar 20 punte in 'n kwartaal bereik het nie, moet hy/sy die detensie inhaal, selfs al geskied dit in die nuwe kwaartaal.
- Toepaslike werk word dienooreenkomstig die oortreding deur die onderwyser op detensiediens aan so 'n leerder gegee. Waar van toepassing kan daar wel van die leerders verwag word om die skool se gedragskode uit te skryf.
- Na 'n tweede detensie word die leerder op 'n weeklikse rapportstelsel geplaas wat deur die betrokke registeronderwyser en vakonderwysers onderteken moet word. Die opvoeder reël dat 'n afspraak met die ouer by die skool plaasvind of daar word telefonies gesels met ouer. So 'n leerder ontvang dan weer -20 punte. Die erns van die oortredings sal ook hier 'n rol speel, soos deur die skoolhoof en adjunkhoof se diskresie bepaal.
- Indien 'n leerder drie keer binne 'n gegewe tyd detensie sit, sal daar 'n dissiplinêre gesprek met die ouers gevoer word.
- Na die derde detensie, vind daar weer intervensies plaas totdat 'n vierde detensie of 80 punte bereik word en dan moet die opvoeder reël dat 'n afspraak plaasvind met die volgende persone teenwoordig: Die ouer/s, die opvoeder en adjunk-hoof. Die opvoeder bring alle dokumentêre bewyse van vorige skakeling saam (as bewys) en notuleer die besluite van die vergadering.
- Die vierde detensie sal plaasvind op 'n Saterdag (08:00 – 12:00)
- Na die vyfde detensie binne 'n gegewe tyd, vind daar weer intervensies plaas. Nou moet die saak met die skoolhoof opgeneem word en 'n dissiplinêre verhoor gehou waarvan skorsing 'n sanksie kan wees afhangende van tipe oortredings. Dit word nou gesien as 'n 'ernstige' gedragsoortreding vanweë die herhaalde oortreding van skoolreëls en die gedragskode.
- Indien 'n leerder -80, -120,-160,-180 -200 en -220 punte bereik sal hy Saterdag detensie moet bywoon.
- Versuim om detensie by te woon sonder 'n aanvaarbare verskoning sal 'n dissiplinêre gesprek tot gevolg hê. Sou die datum van detensie vanweë 'n

aanvaarbare rede nie vir 'n leerder geval nie, dan wat detensie betref, vind dit op die volgende detensiedatum plaas.

- Indien die betrokke leerder 'n sport/kultuur verpligting op die detensiedag het, word die saak na die skoolhoof verwys vir 'n besluit. Die skoolhoof gebruik sy diskresie in die saak. Die klem en gees van die gesprekvoering is gerig op regverdigheid en 'n billikheid.

7.8 IMPLEMENTERING

1. Ouersessie
2. Kategorie 1 en 2 - Eie rekordblad
3. Bespreking by Fase-vergadering
4. Detensie / Beheerliggaam
5. Dissiplinêre verhoor

7.9 KATEGORIEË VAN OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE OPTREDE:

Kategorie 1 : -5 punte	**Optrede**
NIE GEDOEN	• Sien detensie riglyne
• Huiswerk onvoltooid • Assesseringstake nie ingehandig of mondelinge nie voorberei nie. Dit is bykomend tot die beleid rondom assesserings wat laat ingehandig/ gedoen word. • Omsendbriewe nie geteken • Toets / Ass. take nie geteken • Boeke nie oorgetrek • Versuim om op te daag vir oefeninge (Geen aanvaarbare verskoning)	
HERHAALDE NEGATIEWE GEDRAG	
• Gesels in rye • Gedurige gesels in klas / saal • Laat kom • Eet & drink in rye, tydens klaswisseling en in klasse / Kougom kou • Rondloop • Skree uit • Huiswerkboek nie geteken	** 'n Inspeksie van voorkoms (netheid van persoon, kleredrag ens.) kan op 'n gereelde basis* ***onaangekondig*** *gedoen word.*
VERGEET	
• Boeke • LO-klere, geen mediese, skriftelike verskoning vir LO wat nie gedoen kan word. • Sportklere en toebehore vir oefeninge en wedstryde • "Flip File" • Skryfbehoeftes	

*NETHEID	
• Voorkoms – kleredrag, hare ens. • Werk, boeke, tas, ens.	

Kategorie 2 : -7 punte	Optrede
1. Swak taalgebruik	• Sien detensie riglyne
2. Versteuring van klas-dissipline	
3. Rommelstrooi	
4. Swak gedrag tydens saal	
5. Laat opdaag: Wedstryde, busse of optredes	

Kategorie 3 : -10 punte	Optrede
1. Disrespek	• Stuur na Adjunkhoof • Kontak ouer • Ontneem van voorregte
2. Afwesig sonder verlof/ongemagtigde verlating van skoolterrein (ook kamp-/ sportterrein waar leerders in opvoeders se sorg gelaat is)	
3. Oneerlikheid	
4. Afknouery / Boelie: fisies, verbaal of emosioneel	
5. Rassisme - dit kan oorgaan tot 'n kategorie 4-oortreding, afhangende van erns. Diskressie sal deur skoolhoof en dissiplinehoof gebruik word.	
6. Doen skool se naam oneer aan.	
7. Aanskakel van selfoon tydens skoolure, by uitstappies en sportgeleenthede, tensy verlof daarvoor verleen is.	

Kategorie 4 : - 20 punte	Optrede
1. Versuim om vir sport- of kultuurgeleenthede op te daag, wanneer die leerder teenwoordig moes wees of deelneem.	Vir al hierdie oortredings word die straf tydens die dissiplinêre verhoor besluit. *Tydens 'n Kat. 4-oortreding kan die hulp van ondersteuningsdienste (SAPD, WKOD, Maatskaplike dienste ens.) ingeroep word. Ouers sal hieromtrent ingelig word.*
2. Diefstal	
3. Besit van onwettige materiaal (insluitend wapens)	
4. Immorele gedrag bv. seksuele opmerkings, pornografie ens.	
5. Kriminele oortreding, bv. messteek, dwelmmisbruik, alkoholmisbruik, rook	
6. Vandalisme	

7.10 DIE JURISDIKSIE EN OMVANG VAN DIE GEDRAGSKODE
Hierdie gedragskode is van toepassing:

- Op die skooleiendom voor, gedurende en na gewone skoolure;
- By alle amptelike skoolfunksies, sportgeleenthede en uitstappies, gedurende en na skoolure.
- By alle amptelike skoolfunksies, sportgeleenthede en uitstappies, ongeag waar dit gehou word.
- Te alle tye wanneer 'n leerder in skooldrag geklee is en deur die publiek as 'n leerder van die skool herken word.
- As 'n leerder die skool se naam skend en oneer bring

7.12 'TIME-OUT' (TYD-UIT) : Graad R-7

(Waar 'n leerder as gevolg van ontwrigtende gedrag, na beraadslaging, tydelik uit die klaskamer verwyder word.)

KLASKAMER 'TIME-OUT'

Hierdie reëling geskied in die belang van die leerder self en/of die personeellid/-lede en die ander leerders. LW: Dit raak individue in uitsonderlike omstandighede. Die gebruik van hierdie vorm van intervensie moet deur 'n opvoeder aangeteken en gemotiveer kan word.

KLASKAMER 'TIME-OUT'

Die tipe 'time-out' word nie as straf aangewend nie, maar om leerders wat aandagafleibaar (buitengewoon gedrag toon op daardie spesifieke stadium), emosioneel ontwrig is, of wat hulpverlening benodig, die geleentheid te gee om rustig hul werk te voltooi, of om te kalmeer, om sodoende personeel te help sodat normale onderrig in die klaskamer kan voortgaan. Die leerder word geneem na die volgende toesighoudende personeel se klasse/ kantore, waar die "Time-Out" sal geskied:

- Grondslagfase HOD's: Graad R tot 3
- Intermediêre- en Seniorfase: Adjunkhoof, HOD's en Mnr. Alex Liebenberg

Prosedure:

1. Wanneer die opvoeder van oordeel is dat 'n leerder gedurende die skooldag uit die klaskamer geneem moet word (uitgesluit hulpverlening), word die betrokke leerder na die dissiplinehoof gebring. Indien die dissiplinehoof nie beskikbaar is nie, gaan die opvoeder eers na die sekretaresse wat via die interkom/selfoon, of andersins, sal reël dat die dissiplinehoof afkom na sy/haar kantoor om die saak te hanteer. Indien die dissiplinehoof glad nie beskikbaar is nie, word die saak na die skoolhoof verwys. Die leerder word dan geneem na die toesighoudende personeellid.

   Die dissiplinehoof sal poog om met die skool se maatskaplike werkster te skakel ten einde 'n korrekte besluit rakende die hantering van die leerder te neem, indien herhaaldelike probleme voorkom, en die leerder se optrede kommerwekkend van aard is.

2. Waar van toepassing, moet leerders van geskikte werksopdragte deur die opvoeder voorsien word, verkieslik skriftelik. Hou altyd iets sinvols byderhand vir so 'n situasie.
3. Die taak moet genoegsaam wees vir die tydsduur van die 'time-out' wat gesamentlik met die dissiplinehoof bepaal word (Gewoonlik vir 'n periode of twee).
4. Die toesighoudende persoon, hierbo aangedui, neem waar t.o.v. die emosionele gedrag en/of taakvoltooiing van die leerder en gee terugvoering.
5. Die toesighoudende persoon sal die leerder terugstuur na die klas na skakeling met die dissiplinehoof en die klasopvoeder.
6. Die betrokke opvoeder teken die insident en die hantering daarvan teenoor die leerder se naam aan vir rekorddoeleindes.
7. Die maatskaplike werkster teken ook die insidente aan, indien dit na haar verwys is. Sy monitor patrone van leerders wat die tendens openbaar. Leerderverwysings bv. berading, agterstande, terapeute, remediërende hulp, ens., kan hieruit volg.

   Die dissiplinehoof hou ook rekord t.o.v. die 'time-out', want sou 'n opvoeder hulp nodig hê t.o.v. klaskamerbestuur, tree die dissiplinehoof in gesprek met die skoolhoof, sodat hulpverlening aan die betrokke opvoeder kan geskied. Hierdie is 'n meganisme wat opvoeders met volwassenheid, goeie oordeel, takt en wysheid MOET bestuur

7.13 Dissiplinêre Komitee

Die skool het 'n Dissiplinêre Komitee om te besluit oor ernstige gedragsprobleme. Die Komitee bestaan uit die hele bestuurspan en een gekoöpteerde lid.

7.14 DATUM VAN IMPLEMENTERING:

Maart 2017 (Hersien in 2019)

7.15 WOORDOMSKRYWINGS

Detensie: Gr.4 – Gr. 7

Tyd: Vrydae, 2 ure na skool/ 14:00-16:00. of Saterdae (soos by 7.8 aangedui), vir 4 ure 08:00-12:00. Opvoeder moet detensieleerder/s se naam in die lêer aanteken ter wille van rekordhouding. Ouers sal minstens drie dae voor die Vrydag van detensie, per voorgeskrewe brief, in kennis gestel word. Die detensiebrief word op die leerder se profiellêer geplaas. GEEN leerder word van detensie verskoon nie. Detensie kry voorkeur bo sport- en kulturele oefeninge of geleenthede. Die skoolhoof se deiskresie sal hier gebruik word. Indien 'n leerder afwesig is op die betrokke Vrydag, staan dit oor na 'n volgende Vrydag. As detensie is a.g.v. huiswerk wat nie getrou gedoen is nie, moet hierdie werk of soortgelyke take in die detensietyd afgehandel word. Waar van toepassing, kan daar wel van leerders verwag word om die skool se gedragskode uit te skryf.

SPORT

INLEIDING

Dit is die skool se wens dat ons leerders, bo en behalwe die akademie, hulself ook op sport- en kultuurgebied moet kan uitleef en dit geniet. Die beginsel van 'n gesonde liggaam wat 'n gesonde gees huisves, is vir ons belangrik. Dit sal nie die leerders net op sportgebied help nie, maar ook van groot waarde wees wanneer die leerders vir hul akademie moet voorberei. Daar word gepoog om genoegsame geleenthede vir deelname aan 'n verskeidenheid aktiwiteite te skep. Die elemente van kompetisie en genot moet hand aan hand loop.

DOELSTELLINGS

7.14 Die primêre doel van sport in die Laerskool is om alle leerders in hul totaliteit te ontwikkel.

7.15 Om die sosiale ontwikkeling van die leerder te bevorder deur geleenthede vir samewerking, kommunikasie en gesonde wedywering te skep.

7.16 Om die stimulering van liggaamlike ontwikkeling deur geleenthede vir gesonde ontspanning en oefening deur middel van sport en spele te skep.

7.17 Die vaslegging van positiewe karaktereienskappe. Lojaliteit, uithouvermoë, selfbeheersing, algehele fiksheid, spierbeheer, goeie spangees en sportmanskap.

7.18 Die bevordering van 'n gesonde liggaam vir ALLE leerders, wat beter akademiese prestasies tot gevolg het, word bo die wenmotief gestel.

7.19 Die ontginning van die leerder se besondere talente in sport.

7.20 Om die verhouding tussen opvoeder en leerder te verbeter deur kontak buite die klaskamer.

SPORTAKTIWITEITE WAT AANGEBIED WORD

Somersport: Atletiek, Swem, Mini-krieket, Krieket, Mini-tennis, Tennis, Skaak, Tweekamp
Wintersport: Rugby, Netbal, Hokkie, Skaak

8 SPORTBELEID

8.14 Deelname van leerders in Graad R en leerders met spesifieke talente, sowel as leerders wat nie in 'n bepaalde Graadvlak is volgens hul ouderdom nie:

- Preprimêre leerders is welkom om saam met Graad 1-leerders te speel in 'n A- of B-span. Soos met die Intermediêre en Senior Fase waar bv. beide die Graad 4- en 5-leerders vir die 0/11-spanne en die Graad 6- en 7-leerders vir die 0/13-spanne gekies word, kan die Grondslagfase-leerders ook volgens hul unieke vaardighede en talente saam met die hoër graad deelneem. 'n Leerder mag uithelp in 'n hoër ouderdomsgroep. 'n Jonger leerder moet vir die hele jaar in die spesifieke ouderdomsgroep speel en mag ook die toekenning in daardie ouderdomsgroep ontvang sou hy of sy kwalifiseer. So 'n speler moet vroeg in die seisoen geïdentifiseer word en in oorleg met die afrigter, skoolhoof en ouer kan sodanige besluit gemaak word. Leerders wat tuisonderrig ontvang, mag na betaling van 'n bedrag,

soos deur die Beheerliggaam bepaal, vir 'n seisoen, soos deur die Beheerliggaam bepaal, inskakel by die skool se buitemuurse aktiwiteite.

- Oor-ouderdom leerders moet by die Hoërskool geakkommodeer word.

8.15 Kleredrag: Daar word van leerders verwag om in die regte sportdrag vir die spesifieke sportsoort vir oefening, wedstryde of kompetisies op te daag. Afrigters en Buite-afrigters moet ook met toepaslike sportdrag by oefeninge opdaag.

8.16 Leerders moet by afrigter verskoning maak indien hul nie 'n oefening kan bywoon nie, ook wanneer leerder afwesig is by skool.

8.17 Leerders wat nie vir oefening opdaag nie, sal nie gekies word om die daaropvolgende wedstryd vir sy/haar span te speel nie, tensy 'n geldige skriftelike of mondelinge verskoning binne 24 uur by afrigter ingedien word. Indien 'n leerder laat opdaag vir 'n wedstryd sonder 'n geldige verskoning, word hy/sy nie vir die volgende wedstryd gekies nie. Leerders moet 'n halfuur voor die tyd vir hul wedstryd opdaag. * Sien kategorieë van oortredings en dissiplinêre optrede.

8.18 Leerders wat nie met 'n spesifieke sportaktiwiteit wil voortgaan nie, moet die kwartaal klaarmaak voordat hulle dit staak. Dit bevorder toewydingsvaardighede.

8.19 Die getal wedstryde wat gereël word vir die A- en B-spanne moet sover moontlik gelyk wees.

8.20 Buite-afrigters/ouers van betrokke sportspanne moet te alle tye deur die sporthoofde van elke sport te werk gaan, alvorens enige wedstrydbepaling, reëlings of besluite geneem sal word.

8.21 Sporthoofde moet te alle tye die Sportkoördineerder nader alvorens enige reëlings getref of wedstryde gereël word, om sodoende te poog om vir elke sportsoort 'n gelyke getal wedstrydbepalings te verseker.

8.22 Oefeninge/wedstryde moet slegs in uitsonderlike gevalle en onvoorsiene omstandighede afgestel word en leerders moet vroegtydig daarvan verwittig word dat 'n oefening/wedstryd gekanselleer of uitgestel gaan word.

8.23 'n Balans moet gehandhaaf word tussen verskillende buite-kurrikulêre bedrywighede soos sport- en kulturele aktiwiteite.

8.24 Onderwysers moet altyd verseker dat elke leerder in die skool uitsluitlik op grond van sy belangstelling, geesdrif en prestasie sy regmatige aandeel in en deelname aan die skool se sportprogram gegun word.

10. 'n FINALE WOORD

Ons wens is dat u die verbintenis met Laerskool Bredasdorp sal geniet. Die BD's is 'n unieke, gelukkige familie. Mag u die trotse tradisie van ons skool omarm en help uitbou tot iets waarop almal baie trots kan wees.

Ons wens is dat u die verbintenis met Laerskool Bredasdorp sal geniet. Die BD's is 'n unieke, gelukkige familie. Mag u die trotse tradisie van ons skool omarm en help uitbou tot iets waarop almal baie trots kan wees.

.....

(VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM)

30 Mei 2024

(DATUM)

.....

(SKOOLHOOF)